### *Die twaalf verstaan dit nog steeds nie*

**75** Wat Rafael gesê het, beval die twaalf nie en daarom begin hulle moontlikhede te bedink om heimlik te vertrek en tog maar weer, sy dit dan onverrigter sake, na Jerusalem terug te keer, "want" sê **Suetal**, "ons het tot op hede nog niks strafbaar teen die tempel onderneem nie. Wat die gesag met ons doen, daarvoor is ons nie aanspreeklik nie, en ons diepste gedagtes kan geen tempeldienaar ooit te wete kom nie, dus moet die tempel ons weer gewoonweg opneem. Daarby sal ons sekerlik in sy guns styg as ons die een en ander vertel oor die buitengewone dinge wat ons op ons gevaarvolle reise meegemaak het! Die leiding sal met baie aandag na ons luister en baie welwillend teenoor ons staan en dan is ons koste gedek. Miskien sal ons dan weer na die vreemde uitgestuur word, maar dit sal ons nie hinder nie, want ons is behoorlike slimme snuiters en weet nou presies wat ons moet doen en vir wie ons die volk moet bewerk!

[2] Maar hier in die wonderlike geselskap van towenaars of gode is dit werklik nie uit te hou nie! Daar word altyd oor liefde gepraat, soos wat dit ook uit die baie wyse toespraak van die Griek uit te maak is, maar vra `n mens iets aan so `n wonder-doener, dan gee Hy altyd `n ontwykende antwoord en word tewens so grof soos `n stoppelveld! Nou, Hy moet nog maar net by my begin oor nederigheid, sagmoedigheid en liefde, dan kry Hy só van my op Sy kop dat Hy nie baie terug sal sê nie!

[3] Wie sy broer tot nederigheid maan, moet eers self nederig wees, of hy moet eers `n ellelange preek oor nederigheid vir homself hou vóór hy één van sy broers tot nederigheid maan! Kyk nou so `n jong, welgemanierde wonderdoener, hoe grof hy ons uiteindelik behandel het! Wat gaan sy kuns om wonders te doen ons aan, en wat het ons daaraan as ons dit hom nie kan nadoen nie?! Moet hy daarom so grof teen ons word?

[4] Dat ek vanweë die meisie die baie natuurlike en seker nie haatlike opmerking gemaak het oor iets wat elke mens wat sy oë nie in sy sak het nie, self hier kan sien, dit kan tog geen verstandige mens beledig nie. Want wat ek sê, is in elk geval in óns oë `n heel gewoon menslike verskynsel en mis enige profetiese tint. Ek dui slegs op die duidelike kontras dat hier, wat die dade betref, goddelik wonderlike dinge gebeur, maar wat die sedelike lewensfeer betref, elke gewone mens hier maar net gewone en natuurlike dinge sien. En hierdie heel onskuldige opmerking van my verwond daardie toonbeeld van nederigheid en sagmoedigheid só, dat hy ons ten eerste erg beledig en ten tweede die rug toekeer, sodat ons niks kon terug sê nie! Helaas, sulke gedrag hoort duidelik tuis in `n malhuis, maar nie onder mense met enige ontwikkeling nie, en die allerminste in die geselskap van louter liefde-, nederigheid- en sagmoedigheidspredikers! Daarom wil ek werklik nie lank by hierdie geselskap bly nie, want daar is niks vervelender as om by mense te wees wat jy nooit heeltemal kan verstaan nie en van wie jy ook nie weet waar jy met hulle aan of af is nie en in hoeverre jy hulle kan vertrou nie! Helaas, van hierdie meesters sou ek vir niks ter wêreld die domste leerling wou wees nie! - Het ek gelyk of nie? Hoe dink jy nou daaroor, broer Ribar? Wat meen jy - moet ons gaan, of nog bly, want ons is nou vry en kan van nou af aan na die vreemdelingelegioen of ook huis toe gaan?!"

[5] **Ribar** antwoord: "Ek meen dat ons tog moet bly, want ons is nie deur `n bebaarde man nie, maar deur die heel baardlose wonderseun - waarskynlik vanweë jou aandrang dat ons die groot Meester nou gewis eers wil sien - `n bietjie tereggewys!

[6] Ek dink die volgende daarvan: Die jongeling het van sy Meester seker ook nog die verbod gekry om onder geen omstandighede sy Meester voortydig bekend te maak nie. Maar nou het jy hom daaroor die vuur na aan die hakskene gelê en toe het hy hom, omdat jy hom ietwat lastig geval het, uit die situasie gered deur ons almal die rug toe te keer. Daarom meen ek tog dat ons moet bly en moet sien of ons nie kennis kan maak met die groot Meester nie!

[7] Sekerlik word jy hier heel wonderbaarlik gestem as jy jou dink dat jy jouself aan die een kant byna onder louter gode bevind, en dit egter aan die ander kant tog weer baie natuurlik en menslik skyn te gaan! Van vas vir die sabbat is natuurlik geen sprake nie, want bykans die meeste aanwesiges is Romeine en Grieke. Ook word daar min gebid. Maar wat daar gesê word, stroom dikwels oor van wysheid, groter as dié van Salomo. Kortom, alles loop hier wonderlik deurmekaar. Ons bevind ons hier by mense wat deur Elohim geroep skyn te wees om hemel en wêreld nader aan mekaar te bring en na verloop van tyd vir die mense van hierdie wêreld meer moontlikhede te verskaf vir die ontwikkeling van hul geestelike kragte, en die daartoe vereiste liggaamlike kragte! Ek kan daarom, ondanks al sy grofheid, nie kwaad word vir die jongeling nie, want so `n opstopper is meestal gladnie so sleg nie omdat `n mens daardeur dikwels gouer tot insig kom as deur honderd beskeie lesse. "

[8] **Suetal** vra ietwat peinsend: "Hoe bedoel jy dit nou presies?"

[9] **Ribar** sê: "Dit sal ek jou nou dadelik haarfyn uitlê!"

### *Ribar veronderstel die aanwesigheid van die Meester*

**76** "Kyk, die jongeling het ons, na my mening nie heeltemal sonder rede nie - doof, blind en dom genoem, en ook die esel wat hy vroeër langs ons neergesit het, laat ons eintlik dieselfde sien!

[2] Weet jy, ek glo steeds meer, en veral nou, dat juis die baie gemoedelik lykende Griek die groot Nasarener is! Ek het Hom steeds onder oë gehou en daar is vir my aan Hom nou so veel opvallend, dat ek haas geen oomblik meer daaraan twyfel dat dit Hy is nie! Alle oë, ore en harte is op Hóm gerig. Die magtige, en anders so onverbiddelike, opperstad-houer aanbid Hom letterlik. Die jongeling doen alles slegs op Sy wenk en as Hy iets sê, en wat Hy sê, is helder en vol wysheid! Daarbenewens merk ek dat Hy aan die opperstadhouer ook natuurlike genees-middele noem teen die te groot vurigheid van jong vroue. Kyk, dit kan maar net `n geneser doen! Bowendien moes die voordrag wat hy gehou het, so vinnig moontlik opgeskryf word en wel op die wonderbaarlikste manier ter wêreld! Plaas dit alles

nou eers netjies in `n ry, dan sal jy self gewis ontdek dat ek nie heeltemal ongelyk sou kon hê nie, en die jongeling ook nie toe hy ons doof, blind en dom genoem het! - Wat dink jy daarvan en wat dink julle almal hieroor?"

[3] **Suetal** sê: "Weet jy, heeltemal ongelyk kan jy werklik nie hê nie, want nou begin wat dit betref, selfs by my `n liggie te brand! Maar as dit so is, dan het die jongeling ons werklik nie ongeskik behandel nie, want dan is ons werklik so blind dat ons nie die bos vanweë die bome kan sien nie! Maar wag eers, ek sal van nou af aan die Griek beter in die oog hou en dan sal ons gou genoeg sien in hoeverre jy miskien gelyk het!"

[4] Vanaf daardie oomblik hou **Suetal** My heel opmerksaam in die oog en daarnaas ook die doen en late van alle ander gaste, en hy sê na `n rukkie vir Ribar: "Broer, ek glo dat jy werklik gelyk het: Dit moet ongetwyfeld Hy wees! Want aan alle gesigte kan jy duidelik sien dat hulle Hom sonder meer as die leier van die hele, groot geselskap vereer en dat selfs die opperstadhouer niks durf doen sonder Sy toestemming nie! As hierdie skynbare Griek in werklikheid slegs die naaste en mees wyse vriend van die groot Meester sou wees, soos hy hom eintlik ook aan ons voorgestel het, sou die mense hom in daardie geval dan óók soveel aandag skenk!? As hy hom nie voorheen aan ons maar as `n baie intieme vriend van die groot Meester voorgedoen het nie, dan sou ek hom lankal as die groot Meester begroet het! Maar dit sou tog ook vreemd gewees het as ons die brawe man vir iets anders beskou het as waarvoor hy homself uitgegee het. Jy kan tog met reg van die so van Elohim se gees deurdronge man aanneem dat Hy met ons, argelose Judeërs, geen speletjie sal of wil speel nie!?"

[5] **Ribar** sê: "Daaroor dink ek weer heel anders, want deur hom teenoor ons as die beste vriend van die groot Meester voor te doen, het Hy ons beslis geen onwaarheid vertel nie, ook al was hy dan die eintlike Meester self. Want weet jy, elkeen ken homself altyd sekerlik die beste en is daarom ook sy eie allernaaste en allerbeste vriend! As iemand nou in `n bepaalde, goeie bui so iets van homself sê, sit daar beslis geen spoor van onwaarheid in nie. Bowendien kan so `n wyse man ook nog wel `n bepaalde, verborge rede hê om homself nie dadelik heeltemal teenoor meerdere mense bloot te lê nie, en later sal ons dit seker ontdek. Kyk maar eers na die wyse Mathael, hoe hy haas elke keer as hy die Griek aankyk, trane van ontroering in die oë kry! Broer, daar is sekerlik `n goeie en belangrike rede daarvoor!

[6] So lyk dit vir my dat ook die groot liefde wat die, origens baie intelligent lykende meisie vir hierdie Griek toon, meer vóór, as téen my mening spreek. Want neem nou eers die werklik meer as hemelse skoonheid van ons jong wonderdoener! Ek dink dat daar oombliklik ontelbare vroue en meisies byna wanhopig verlief op hom sou moes raak!? En tog kyk die meisie skaars na hom, hoewel hy as jongeling talle kere mooier is as die meisie. Maar by die Griek sou sy bepaald in Sy hart wou woon! Ek sê, broer, dit is ook nie sommer nie! Die meisie moet dus `n heel ander rede hê om so verlief op hierdie skynbare Griek te wees. By nadere beskouing kom dit my voor dat die meisie slegs op die goddelike van Hom verlief is en Sy liggaam vrywel buite beskouing laat! Kyk maar eers na haar oë, wat meer van `n sekere eerbied straal as van `n sinnelike liefde, dan sien jy gou dat daar by die meisie geen sprake is van sinnelike liefde nie!"

[7] **Suetal** sê: "Broer, jy dra jou naam werklik nie verniet nie, want `n visser moet `n skerp oog hê! Vir my val daar nou self wel honderd dinge op waarop ek vroeër nie gelet het nie. Dit dui alles op dit wat jy beweer. Aan ons jongman val daar my nou ook iets op! Hy is nou `n paar maal deur die Griek, wat feitlik sekerlik die groot Meester is, die huis in gestuur. Ek het egter nie gesien hoe hy gaan nie, maar - hy was eenvoudig daar! Sy 'gaan' is net soos sy skryf: waar hy wil wees, daar is hy ook al! Broer, dit lyk vir my ook nie normaal nie! As hy nie altyd maar net dít sou doen wat die skynbare Griek hom in `n sekere sin opdra nie, dan sou ek hom haas self as die Meester beskou het. Maar omdat hy altyd maar net dít doen wat hom deur die skynbare Griek opgedra word, kan `n mens hom tog maar net as `n dienaar beskou en nie as `n meester nie! Maar dit is wel uiters merkwaardig hoe ver hierdie jong man dit in die een of ander suiwer goddelike magie gebring het!"

[8] **Ribar** sê: "Wat jy nou by die jongman opgemerk het, het my al vroeër by hom opgeval. Maar ek het, weet jy, persoonlik ook vroeër by die eet van sy agt visse iets heel vreemds gesien, naamlik dat hy eintlik geen vis op die normale manier met die mond geëet het soos ons nie. Hy bring die vis slegs tot by die mond, - en dit was al! Die vis verdwyn met vel en graat, en so gebeur dit ook met die brood en die wyn! Alles verdwyn op die oomblik dat hy dit by sy lippe bring! Ek het gladnie langs hom op my gemak gevoel nie! Waarlik, ek het heel ongemerk `n paar maal onder die tafel na sy voete gekyk, maar dit was altyd so gaaf en hemels mooi soos ek dit nog nooit in my lewe by `n jong meisie, laat staan by `n jongeling gesien het nie! Dit het my weer gekalmeer en ek sou, as ek my daarvoor nie in verleentheid gehad het nie, sy wonderbaarlik aantreklike, mooi voete met baie vreugde `n eeu lank steeds maar kon bekyk en bewonder het! Voorwaar, as daar nou `n engel uit die hemel sou kom, sou hy onmoontlik op nog mooier voete kon staan!"

[9] **Suetal** sê: "Kyk, dit is nou weer iets wat my nie opgeval het nie, maar gesien sy verdere, wonderbaarlike skoonheid, sou `n mens haas kan sê dat hy `n hoër, geestelik wese is - want sy gestalte en sy besondere wonders skyn dit byna uit te basuin! Maar daarby doen hom weer die omstandigheid voor dat hy aan ons as jongste leerling van die groot Meester voorgestel was wat dit al so ver in die goddelike magie gebring het. Dit sê dan egter natuurlik net so veel soos: As hierdie jongste al so baie presteer, wat sal dan die ouer leerlinge nie alles kan doen nie!? By so `n logiese veronderstelling, val die gedagte aan `n hoëre wese in die jongeling vanself weg, want as hy dit tóg sou wees, dan sou die egte, groot Meester ons vroeër duidelik belieg het, en dit kan mens van so `n Man tog nie veronderstel nie! - Wat dink jy daarvan?"

[10] **Ribar** sê: "Ja, dit blyk wel so te wees, maar in hierdie sfeer lyk dit vir my dat die ou sluier van Isis nog nie voor ons oë weggeneem is nie! As die groot Meester egter dalk tog dít sou wees wat Mathael vroeër oor Hom gesê het, dan sou ook `n engel uit die hemele Sy leerling kon wees! - Het ek gelyk of nie?"